



In Handeling 20:24 maak Paulus dit duidelik dat dit baie belangrik is om die evangelie te versprei. Ek glo vas dat dit ook elkeen van ons se roeping is, alhoewel kritiek en probleme ons soms onderkry, veral hierdie tyd van die jaar. Daarom wil ek elkeen aanmoedig met die volgende gedeelte van Paulus uit Filippense 3:17 – 4:1:



*“Vriende, julle moet lewe soos ek lewe en julle moet kyk hoe lewe die mense wat lewe soos ek. Ek het vir julle gesê en ek sê nou weer vir julle met trane in my oë: Daar is baie mense wat sê die kruis van Christus beteken niks. Daardie mense gaan hel toe. Hulle dink om te eet is die belangrikste ding in die lewe. Hulle is trots op die slegte dinge wat hulle doen. Hulle dink altyd aan die dinge van die wêreld. Maar God wat in die hemel is, is ons Koning. En ons weet die Here Jesus Christus sal uit die hemel kom om ons te red. Sy krag is groot, Hy regeer oor alles. Hy sal sy krag gebruik om ons wat swak is, te verander sodat ons soos Hy sal wees, Hy wat Koning is. My vriende, ek is baie lief vir julle en ek verlang na julle. Julle maak my bly en ek is baie trots op julle. Ek wil hê julle moet aanhou glo in die Here.” (Die Bybel vir Almal)*

Paulus skryf hier 'n brief aan 'n klein groepie Christene in die Romeinse stad Filippi terwyl hy waarskynlik weer in die tronk in Rome sit.

Paulus stap 'n lang, moeilike pad met God. Hy is baie seker waarheen hy op pad is en dit dryf hom. Wat vir my merkwaardig is, is dat hy steeds hierdie mense vra om sy voorbeeld te volg al is sy pad nie maklik nie!

Paulus wil hê dat hierdie Christene nie oortuig moet word om die aardse wette te volg nie. Hy wil hê hulle moet sy voorbeeld volg - nie omdat hy perfek is nie, maar omdat hy Jesus se voorbeeld nastreef.

As burgers van die hemel moet ons tog anders leef. Ons moet so gerig op die hemel leef dat ons reeds hier op aarde anders lyk. Die teken van 'n ware burger van die hemel is hoe ons ander mense hanteer en hoe ons optree, ongeag ons omstandighede of kritiek.

Die eienskappe van 'n sonneblom is 'n pragtige voorbeeld van hoe ons lewens moet lyk.

Die sonneblom simboliseer geloof, aanbidding en lojaliteit. Hulle gesigte volg hulle bron van krag. Hulle voedingswaarde kry hulle by die son. Ten spyte van hulle prag en voedingswaarde word hulle nie noodwendig in mooi tuine gesien nie, maar eerder op ashope, langs paaie en in velde.

Navorsers glo dat mense se lewens opgehelder word wanneer hulle sonneblomme sien.

Ander mense - veral kinders - moet kan beleef dat ons energie afgee - die energie wat ons van God ontvang deur ons oë altyd op Hom te rig ongeag ons omstandighede of selfs kritiek van ouers. Ons moet lewens verander waar ons is. Dis nie maklik nie, is dit? Was Paulus se lewe maklik? Hy nooi nie net die klein groepie in Filippi uit nie, maar ook vir jou en my!

Dis nie WAT ons doen nie, maar HOE ons dit doen! Glimlag breed, komplementeer gereeld, luister met jou hart, druk iemand sommer op die skouer as jy sien hulle het dit nodig... elke gebaar kan die wêreld vir een persoon verander!

